

Hoofstuk van die dag: 1 Samuel 11

> *Maar Saul het gesê: “Op ’n dag soos dié mag niemand doodgemaak word nie, want vandag het die Here uitkoms gegee in Israel.” (vers 13)*

Saul het so goed begin. Hy doen alles reg. Hy tree kragdadig

op toe dit nodig was, maar ook groots toe mense in hulle oorywerigheid die mense wat Saul se koningskap bevraagteken het, wou doodmaak (vers 12). En hy gee die eer vir die oorwinning aan die Here.
Saul was die man wat Israel as nasie kon saambind, en hy het dit inderdaad reggekry. Selfs ná sy dood het ’n groot deel van Israel aan hom en sy huis lojaal gebly; iets wat selfs Dawid met al sy charisma nooit kon vermag nie.
Goed begin is half gewin, sê die spreekwoord. Ongelukkig is ’n goeie begin alleen nie genoeg nie. Daarom waarsku die Hebreërskrywer (3:14): “Ons behou deel aan Christus as ons end-uit volhard in die vertroue waarmee ons begin het.” Ons lewe in diens van die Here verg daaglikse oorgawe en toewyding aan Hom. So nie gaan die suksesse wat jy in die Here se Naam behaal, reguit kop toe.
Oppas vir Satan se lis. Hy slaan toe wanneer jy dit allermins verwag.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026